

HOOFSTUK 5 ANTWOORDE

1. Dit is kwart voor een in die oggend.
2. Sy drukker is besig om te druk.
3. Nee, die skerm is swart.
4. YOU ARE NOT SAFE.
5. Hy het 'n dun stukkie tou styf van die een kant van die kosyn na die ander gespan.
6. HE WILL COME AGAIN.
7. Hy tel drie papiere van die vloer af op, gryp sy duvet en storm by die trap af.
8. Hy is oortuig dat hulle hom nie sal glo nie en sal dink hy verbeel hom net omdat meneer Miller vir hulle Sarabeth se storie vertel het. Verder is die gedrukte boodskappe nie 'n klinkklare bewys nie, omdat dit baie maklik sou wees om dit op die rekenaar te tik en te druk.
9. Hy besluit om liever op die bank in die TV-kamer te gaan slaap as om terug te gaan na sy solderkamer.
10. Hy skakel al die ligte in die huis aan.
11. Hy glo hy sal absoluut pateties lyk en dat almal vir hom sal lag.
12. Hy hoor voetstappe in sy kamer.
13. Dit beweeg van die verste kant af oor na die ander kant. Iemand loop van die deur af na sy bed toe.
14. Thomas dink die persoon soek hom.
15. Terwyl die TV aan is, sal hy sal nie kan hoor as iets gebeur nie.
16. Vlooi.
17. Sy dink honde is ongesofistikeerd.
18. Hy sou graag 'n Rottweiler of 'n Pittbull by hom wou hê.
19. Hulle is al ses jaar beste vriende en vertel mekaar alles. Thomas weet ook Hannes sal weet wat om te doen omdat hy altyd die een is wat 'n plan kan maak.
20. Die papiere is weg. Iemand moes dit gevat het.

HOOFSTUK 6 ANTWOORDE

1. Sy pa maak hom wakker.
2. Hy wil vir sy pa sê hy het amper 'n spook gesien en beslis een gevoel. Hy wil sê hulle huis 24 wemel van die spoke en dat Sarabeth tepartytjies hou saam met haar spookvriende.
3. Hy sê vir sy pa hy het die vorige aand kom TV kyk en op die bank aan die slaap geraak. Hy gebruik sy pa se koue hand as verskoning dat hy so geskrik het.
4. Hy het tekere gegaan om die kamer te kry en voel dat dit nou te laat is om kop uit te trek.
5. Hy het vergeet om sy Engelse opstel te skryf,
6. Die stukkie tou wat hy tussen die kosyne van die buitedeur gespan het, hang slap teen die een kosyn.
7. Hy glo sy pa sal vir hom lag en dink hy's simpel.

8. Hy wonder of hy besig is om mal te word. Hy dink al die flieks en speletjies lol met sy kop.
9. Thoma s woon nou om die hoek van die skool.
10. Flip Marais, die boelie van die skool.
11. Hy skel op hom en pluk aan sy das.
12. Die skoolhoof, meneer Volschenk, ook bekend as Oros-man.
13. Thomas moet saam met Flip na meneer Volschenk se kantoor toe gaan.
14. Meneer Koekemoer.
15. Sy pa het sy rekenaar vir 'n maand afgevat.
16. Hulle spreek af om by die Cyber Tiger te ontmoet.